Dawie Roodt: Sentrale banke kan groter rol speel

Deur **Dawie Roodt** | **29 Julie 2018 01:00** | Rapport

Die meeste sentrale banke het redelik onlangs ontstaan. Aanvanklik was hul rol om geld te “maak”, maar geleidelik het hul rol uitgebrei en vandag is sentrale banke “verantwoordelik” vir inflasie, ekonomiese groei, banktoesighouding en vele meer, selfs vir werkskepping.

Nou lyk dit asof die rol van sentrale banke selfs verder kan uitbrei.

Sentrale banke moet hoofsaaklik geld “maak” vir die land. Twee “soorte” geld bestaan. Die meeste mense weet ’n sentrale bank skep note en munte, maar die meeste geld bestaan vandag in digitale vorm. Sentrale banke skep digitale geld in die rekenings van banke by die sentrale bank, van waar dit deur banke verder versprei word. Slegs banke mag rekenings by die sentrale bank hê.

Fisieke geld – note en munte – kan wel direk van een individu tot ’n ander oorgedra word, maar digitale geld kan slegs deur ’n bank oorgedra word; ’n magsposisie wat banke natuurlik baie winsgewend aanwend en uitbuit.

Nou oorweeg sekere sentrale banke, soos die oudste sentrale bank in die wêreld, die Riksbank van Swede, dit om toe te laat dat individue rekenings by die sentrale bank het. Dit sal beteken dat individue direk toegang tot digitale geld kan kry sonder om van ’n bank gebruik te maak. Dit kan baie voordele, maar ook gevare inhou.

Van die belangrikste voordele is dat monetêre beleid doeltreffender en direk geïmplementeer kan word.

Van die belangrikste voordele is dat monetêre beleid doeltreffender en direk geïmplementeer kan word. Byvoorbeeld, sentrale banke gebruik rentekoerse om die vraag na krediet te beïnvloed. Maar banke kan self besluit hoeveel van ’n rentekoersverandering hulle aan hul kliënte gaan “deurgee”.

Maar indien almal rekenings by die sentrale bank het, kan die sentrale bank almal se rentekoers direk verander, wat monetêre beleid doeltreffender sal maak. Negatiewe rentekoerse is moeilik om toe te pas in ’n omgewing waar mense fisieke geld kan opgaar om dit vry te spring.

Ander interessante opsies is ook beskikbaar vir sentrale banke. In ’n omgewing van lae inflasie of deflasie kan die sentrale bank direk geld in individue se rekenings “skep” wat doeltreffender deflasie sal kan beveg as die huidige stelsel.

Nog ’n belangrike voordeel is dat die bankkoste vir die individue veel laer kan wees, en veral armes kan makliker toegang tot bankwese kry – dink maar net, die Sassa-gemors sou maklik opgelos kon word indien ons almal rekenings by die Reserwebank gehad het. Banke sal ook hul sokkies optrek en goeie en goedkoop dienste lewer, anders sal die publiek eenvoudig ophou om hulle te gebruik; iets wat ons nie nou beskore is nie.

Die belangrikste nadeel van direkte sentralebank-rekenings is – voorspelbaar – politieke inmengery. As die sentrale bank nie volledig en werklik onafhanklik is nie, sal hy ’n wapen vir politici wees. Geld kan net voor verkiesings geskep en in individue se rekenings “gedeponeer” word om die huidige heersers te bevoordeel.

Ek dink wel private geld gaan al hoe meer met sentralebankgeld meeding – en markkragte sal sorg dat slegs geld wat goed bestuur word hul waarde hou.

Maar sentrale banke kan selfs nog verder gaan: Hoekom nie sentralebank-kriptogeld skep nie? Om die waarheid te sê sommige oorweeg dit reeds om hul eie kriptogeld, soortgelyk aan bitcoin, te skep. Die voor- en nadele sal baie dieselfde wees as met direkte digitale geld, hoewel daar minder “beheer” sal wees.

So, hoe gaan geld en bankwese in die toekoms lyk? Ek dink sentrale banke gaan wel uiteindelik direkte rekenings oorweeg en ook eksperimenteer met kriptogeld.

Maar ek het ook ’n vermoede hulle gaan nie baie suksesvol daarmee wees nie. Die rede? Die geskiedenis wys dat sentralebankgeld, fisiek of digitaal, nog nooit werklik oor tyd sy waarde behou het nie. Selfs die magtige Amerikaanse dollar, vandag die oorheersendste geldeenheid in die wêreld, is maar ’n fraksie werd van sy oorspronklike waarde. Die “owerhede” kan maar net nie die waarde van geld handhaaf nie!

Ek dink wel private geld gaan al hoe meer met sentralebankgeld meeding – en markkragte sal sorg dat slegs geld wat goed bestuur word hul waarde hou.

Geld word vandag deur statutêre monopolieë, sentrale banke, uitgegee. Maar daar is geen rede waarom die private sektor dit nie ook kan doen nie. Tegnologie soos die blokketting maak dit reeds moontlik.

Dawie Roodt is die hoofekonoom van die Efficient-Groep. dawieroodt@efgroup.co.za